



God het Lank Gelede met Mense gepraat

Adam en Eva was die *heel* eerste mense wat God gemaak het – 'n man en 'n vrou, net hulle twee. Nadat God hulle gemaak het, was Hy gewoon om met hulle te praat. In die aand, as die son ondergaan, het Hy na die tuin gekom om met hulle te praat.

Baie jare later het God met 'n man gepraat wie se naam Abraham was. Abraham was God se *vriend*.

God het ook met Moses gepraat. Hy het baie kere met Moses gepraat. Eendag was Moses saam met God op die berg Sinai. Hulle was daar vir veertig dae. Moses het nie eens nodig gehad om te eet nie, omdat God vir hom gesorg het terwyl Hy met hom gepraat het.

Die Bybel vertel ons ook hoe God een nag met 'n *klein seuntjie* gepraat het. Hierdie seuntjie het in God se tabernakel gewoon. Sy naam was Samuel.

Samuel het vir Eli, die ou priester, gehelp om vir God se tabernakel te sorg. Een nag het God met Samuel gepraat.

Samuel was in die bed. God het hom geroep, "Samuel! Samuel!"

Samuel het gedink dat Eli hom geroep het. Hy het uit die bed gespring en na Eli toe gehardloop. Maar Eli sê toe, "Nee, ek het jou nie geroep nie." Samuel het maar weer bed toe gegaan.

God roep toe weer vir Samuel, "Samuel! Samuel!"

Samuel het gedink, "Dit *moet* Eli wees wat my geroep het." Maar toe hy na Eli toe hardloop, sê Eli vir hom, "Nee, my seun, ek het jou nie geroep nie."

En Samuel het weer teruggegaan na bed toe.

Maar toe hoor hy weer die Stem roep, "Samuel! Samuel!"

Samuel het toe nog 'n keer na Eli gehardloop. Hierdie keer sê Eli toe, "Nou weet ek wie dit is wat jou roep. Dit is die *Here*. Gaan terug bed toe. En as jy weer die Stem hoor, moet jy sê, "Spreek Here, en ek sal luister."

Samuel het toe weer gaan lê. Hy kon dit amper nie glo dat God *regtig* met hom sou praat nie. Hy was maar net 'n jong seun. Hy het baie stil gelê en luister. En toe – toe hoor hy weer die Stem, "Samuel! Samuel!"

En hy sê, "Spreek, Here. Ek sal luister!"

God het daardie nag met Samuel gepraat. Hy het hom vertel van dinge wat gaan gebeur.

Daarna het God baie kere met Samuel gepraat. Samuel het een van die groot *profete* geword. Hy het vir die mense vertel wat God wil hê hulle moet doen.

God het nog met baie ander gepraat. Hulle was ook sy profete. God het hulle gestuur om sy Woord vir die mense te vertel.

Gesels hieroor:

1. Kan jy twee manne se name noem met wie God gepraat het?
2. Watter tyd van die dag het God vir Samuel geroep?
3. Het Samuel vir God *gesien*?
4. Wat het Samuel vir God gesê?

As ons ooit die stem van God hoor, behoort ons dieselfde te sê as wat Samuel gesê het:

“Spreek, want u kneg hoor.”

(1 Samuel 3:9)

Wat ons kan lees:

1 Samuel 3:1-10

In ons volgende les sal ons leer hoe God met *ons* praat. Ons weet al klaar dat ons met Hom mag praat in ons gebede en lofliedere. Hierdie is 'n lied wat ons leer om te luister as die Here met ons praat.

Wat ons kan sing:

Samuel hoor iemand roep
daar in die nag se duister,
Hy hoor 'n stem en luister
Dis dalk Eli wat hom soek.
“Samuel, Samuel!”
(Dis die God van Israel!)

Eli sê, “gaan lê tog maar,
dit was nie ek, gaan slaap weer” –
Toe klink daar vir 'n derde keer
die Stem so helderklaar:
“Samuel, Samuel!”
(Dis die God van Israel!)

“Samuel, Samuel!”
'n Stem roep in die duister ...
“Spreek, HEER, want ek luister!”

'n Gebed:

Liewe Vader in die hemel, sal U ons asseblief help om soos Samuel te wees - om te luister en te antwoord as ons U stem hoor. Amen.

Marian Schoolland

© 2018
www.christelikemedia.org

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'
is deur Marianne Bron vertaal.*